Conquesta 2008

(Internasionale Meervoudige-keuse Primêre Skool Olimpiades – Gev. 1998)
Conquesta, Posbus 99, Kloof, 3640, Suid-Afrika
Tel: (031) 764-1972 * Faks: (086) 637-7808 of (031) 764-0074
E-Pos adres: conquest@iafrica.com * Webtuiste: www.conquestaolympiads.com



Lewensvaardighede – Graad 7

Welkom by Conquesta se Olimpiade. Ons vertrou dat jy dit baie sal geniet, en baie sal leer, terwyl jy lees en die vrae beantwoord. Nadat jy die inligting en die vrae noukeurig bestudeer het, moet jy 'n keuse maak. Sodra jy besluit het watter antwoord mees korrek is, moet jy die toepaslike blokkie volledig inkleur. Gebruik asseblief 'n 2B of B potlood vir hierdie doel. Indien jou antwoord vir Vraag 4 'c' is, moet die blokkie gemerk 'c' wat teenoor Vraag 4 verskyn, netjies ingekleur word. (Sien onderstaande voorbeeld). Kleur slegs een blokkie per vraag in en maak seker dat foute behoorlik uitgewis word sodat jou antwoord duidelik is.

Voorbeeld:-

4.	a	b	■	d

Afknouery

Lees die uittreksel regs vir vraag 1–11.

Watter van die volgende woorde ontbreek by 1–4 in die uittreksel?
(a) intimidasie (b) verkleineer
(c) snedige (d) fisies

Wat is afknouery?

Dit is belangrik om te besef dat afknouery nie net beteken om **…1…** aangeval te word nie; dit kan ook die gebruik van **...2…** opmerkings wees, steel, teksboodskappe stuur, **...3…**, iemand bevrees of **...4…** te laat voel of forseer om dinge te doen wat hulle nie wil nie.
Dit kan verskillende dinge vir verskillende mense beteken; van slegsê, terg, slaan, steel of gerugte versprei, tot om nare dinge oor jou sê, jou te ignoreer of te forseer om geld of besittings te oorhandig.
Alhoewel jy dalk geen simpatie vir hulle het nie, het afknouers (of 'boelies') probleme; miskien pas hulle nie in op skool nie of dalk is daar kwessies tuis vir hulle. Hulle is duidelik ongelukkig met hulself, en om mag oor ander te hê laat hulle beter voel.

5. **Een van die redes hoekom sommige mense ander afknou is omdat ……**
(a) hulle niks beters het om te doen nie.
(b) hulle ouers hulle aangesê het om dit te doen.
(c) hulle self die slagoffers van afknouery tuis is.
(d) hulle baie vervelige lewens lei.

6. **Baie dikwels voel boelies ……**
(a) vol vertroue en in beheer. (b) onseker en ontoereikend. (c) treurig en eensaam. (d) gelukkig en seker.

7. **Watter een van die volgende optredes word nie as afknouery beskou nie?**
(a) Jy staan in die snoepwinkel en 'n senior sê vir jou om jou geld te oorhandig. Hy/Sy is honger.
(b) Jy vergeet om op Valentynsdag rooi te dra en iemand herinner jou telkens wanneer hy/sy jou sien oor hoe onnosel jy is.
(c) Jy pootjie oor die mat en val plat op jou gesig. Die groep wat daar naby staan lag lekker.
(d) Jy kry die beste punte in 'n toets. Elke keer wat Tom verby jou loop, brom hy onderlangs: 'Witbroodjie!'

Besluit of die stellings in vraag 8–10 (a) Waar of (b) Onwaar is.

8. **Afknouery is nie oor jou persoonlik nie.**

9. **Afknouers besef soms nie dat hulle onvriendelik is nie – hulle doen dit vir die pret – hulle maak net 'n grappie.**

10. **Jy moet nooit vir iemand sê dat jy geboelie word nie, ingeval jy dan nog meer geboelie word.**

11. **Watter een van die volgende behoort jy nie te doen wanneer jy afgeknou word nie?**
(a) Moenie dit persoonlik opneem nie. (b) Sê vir iemand wat jy vertrou.
(c) Word self 'n boelie. (d) Onthou dat dit nie jou skuld is nie.

Lees die etikette op Medisynes

Lees die onderstaande medisyne-etikette vir vraag 12-21.

MEYER SE ASPIRIEN

Vinnige en maklike verligting van pyn! Werk goed vir hoofpyne, spierpyn en pyn vanweë verkoue of griep.

Dubbeldiens ekstra spesiale sluitprop gee volkome veiligheid!

Vir volwassenes: Gebruik 1 of 2 tablette elke 4 uur met water of lemoensap. U kan tot 12 tablette per dag neem.
Waarskuwing: vir kinders onder 2, raadpleeg 'n geneesheer.

WEES VERSIGTIG: Hou hierdie bottel en alle medikasie buite die bereik van klein kinders. In geval van 'n oordosis, raadpleeg onmiddellik 'n geneesheer.

RUPERT SE ROOM

Bring ure se strelende verligting! Gee konstante verligting van spierpyn, ander geringer pyne en die ongemak wat dikwels met verkoues gepaard gaan.

Hoe om te gebruik: Vryf die room sagkens aan die seerplek. Masseer met oop hand totdat die room heeltemal verdwyn. Wend die room elke 3 uur aan, of so dikwels as wat u dit nodig ag.

WEES VERSIGTIG: Moenie hierdie room proe of sluk nie. Indien per ongeluk gesluk, bring vomering teweeg en ontbied onmiddellik 'n geneesheer.